



**STAAN DIT
RÉGTIG
IN DIE BYBEL?**

Groot gebore mense en 'n huilende hoëpriester

Hebr 5:7-10 (NAV)

7Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met tranes. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. 8Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. 9En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword 10en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.

Huh?

Een van die moeilike boeke in die kerk is die boek Hebreërs, en dit het eintlik soveel gesprek in die kerk gemaak, veral toe die Oosterse en die Westerse kerk geskei het, dat party mense gesê het dit is op grond van uitsprake in Hebreërs dat van die groot

kerkskeurings plaasgevind het. Een van die regtig moeilike tekste in Hebreërs is Hebr 5. Veral hierdie woorde: *dat Jesus deur gehoorsaamheid heen volmaaktheid moes aanleer!* Huh? Regtig? Dit bots dalk so bietjie met wat meeste van ons van Jesus dink en weet!

'n Moontlike verduideliking

Hebreërs help ons om opnuut te ontdek hoe God die wêreld begin het:

- Die eerste mensepaar is groot gebore. Miskien het die probleem hier begin! Maar Jesus het kruipend en skreeuend en huilend die wêreld ingekom. Dis nogal 'n groot ding wat God gedoen het - dat Hy in sy tweede groot openbaring gekies het om Jesus, kruipend, in baba-formaat, in die wêreld in te bring.
- Dis darem 'n ding om groot gebore te wees, nê? Dink net 'n bietjie hoe sou dit gewees het as jy nie kinderdae sou gehad het nie. Dit waaroor ouer mense baie praat is oor die goeie ou dae toe hulle nog jonk was. Jou kinderdae was



daardie dae van storms en van emosionele golwe. Maar sonder goeie kinderdae wou nie een van ons eintlik wees nie. Niemand wil eintlik groot gebore wees nie.

- Jy leer die lewe ken deur die lewe te leef. Êrens moet jy leer kruip, en leer praat, en leer loop, en jy moet oefen, en jy moet foute maak, en die lewe baasraak op die harde manier. Daar is geen kortpaaie nie. Die lewe is elke dag in jou gesig, en dit is wat die Hebreërs skrywer dalk bedoel met Jesus wat volmaaktheid moes aanleer. Nee, Hy is duidelik op rekord in Hebreërs 4 dat dit nie beteken Hy het van sonde tot sondeloos gegaan nie. Dit beteken Hy het die lewe leer lééf, leer loop, leer mens word.
- Jesus het dertig stil jare gehad en drie openbare jare, as ons sy bediening reg verstaan; 30 jaar van oefen, probeer, en nog inoefen, om volmaaktheid te bereik.
- Volmaaktheid soos die Nuwe Testament daaroor dink, beteken om Godgerig te leef (soos Jesus dit dit moes baasraak, kruipende, huilende, leer lopende, leer vallende, opstanende, maar altyd Godgerig). Volmaaktheid is 'n onvoorwaardelike lojaliteit aan God. Dit beteken om elke dag jou oog op God te hou. Soos Eugene Peterson sê, "A long obedience in the same direction".

Waaroor ons vandag moet dink

- ...Jesus moes leer loop sodat, ek wat loop, dat Hy my loop kan verstaan
- ...Jesus moes leer huil, soos wat Hebreërs 5 sê, dat Hy met gebede en trane hierdie wêreld aangedurf het, die sout van trane op sy lippe moes proe, sodat wanneer ek huil Hy dit kan afdroog,
- ...Jesus moes leer lag sodat, wanneer ek saam met my vriende sit en kuier om 'n vuur en die lewe geniet Hy bly is dat ons nog 'n stukkie genade het (Hy het visgebraai saam met sy vriende - Joh 21) - dat Hy kan weet wat dit is as mense bly is en die blydskap se vlak nog verder kan lig, sodat Hy saam met my kan feesvier.
- Daarom het Jesus mens geword, nie maar net gentle Jesus, *meek and mild*, om eendag vir my 'n plek in die hemel te gee nie. Nee, die Here wat hier en nou is, God by ons!

Gesels saam

- Watter herinnering(e) uit jou kinderdae het 'n impak op jou verhouding met God gehad?
- Victor Frankl "Everything can be taken from man, but one thing. The last of human freedoms. To choose one's attitude in any given set of circumstances. It is this freedom – which cannot be taken away – that makes life meaningful and purposeful." Watter gedagtes maak hierdie aanhaling in jou los?
- Wat maak dit vir jou maklik én moeilik om elke dag Godgerig te leef?